Koninkrykstyd 2007

Sig nuusbrief

Durbanville Gemeente

saam in diens van God se nuwe wêreld

KERKEENHEID: Saam in diens van God se nuwe wêreld - Ds Freek Serfontein

Dis al 'n paar jaar dat ons in die gemeente baie oor God se nuwe wêreld praat. Eintlik praat ons darem nie net daaroor nie, maar is ons aksies en uitreike daarop ingestel om in diens van God se nuwe wêreld te wees. As gemeente van God het ons by verskillende geleenthede besondere moeite gedoen om luisterend met die Woord van God om te gaan. As gestuurde gemeente het ons opnuut gehoor hoe God ons wil gebruik om die goeie nuus van God se koninkryk (nuwe wêreld) oral en altyd uit te dra. Een van die sake waaroor die Here al hoe helderder met ons begin praat het, is die saak van kerkeenheid.

Gesprekke rondom die hereniging van die vier susterkerke: die NG Kerk, Verenigende Gereformeerde Kerk, NG Kerk in Afrika en die Reformed Church in Africa, is al jare lank aan die gang. Dis egter in die laaste jare dat dit al hoe duideliker geword het dat die proses nie net elke keer uitgestel kan word nie. Daarvoor het die geloofwaardigheid van die kerk te belangrik geword.

Van die belangrikste besluite in die verband is by die Algemene Sinode van die NG Kerk in 2004 geneem. Hier volg 'n kort uittreksel daarvan: “By die Sinode het ons voor die aangesig van God opnuut oortuig geraak van die belangrikheid van kerkeenheid en ons wil onsself met nuwe toewyding daaraan wy. Ons glo dat die Here van ons vra om so spoedig moontlik ou breuke te heel en as volle familie van kerke byeen te kom in een kerkverband. Ons glo ook dat 'n verdeelde kerk baie moeilik die roeping wat die Here vir ons as kerk het, kan uitvoer.”

In die herenigingsproses het die kerkleiers gemeentes van die begin af belowe dat niks van “bo-af” op hulle afgeforseer sou word nie. Gemeentes sal voortdurend geleentheid kry om te sê wat hulle eerlike mening oor sake is – ook watter kwellinge of vrese daar dalk in hulle binneste is. Inligting oor die vordering wat gemaak word, sal dus gereeld aan gemeentes beskikbaar gestel word. Daarop verwag die kerkleiding dan dat lidmate kommentaar sal lewer.

U het saam met die Sig 'n inligtingstuk oor die herenigingsproses ontvang. Daarin word baie volledig inligting gegee oor waar die vier kerke op hierdie stadium staan, veral t.o.v. vier sake (kyk vanaf bl. 17). Let asb daarop dat oor die vier sake nog geen finale besluite geneem is nie. Dis bloot punte waarop die verskillende afvaardigings mekaar gevind het en waaroor verder in samehang met die lidmate van die onderskeie kerke onderhandel sal word.

In ons gemeente word 'n vergadering op Dinsdag 18 September om 19:00 belê, waarheen kerkraadslede, herderleiers, wykswerkers, kleingroepleiers, sameroepers van aksies, asook ALLE belangstellendes uitgenooi word. Dit is 'n geleentheid waar ons oor die herenigingsproses aan die hand van hierdie vier sake met mekaar gaan praat en na mekaar gaan luister.

Die vier sake is: die belydenis van Belhar, die model van kerkhereniging, versoening en gesamentlike projekte. Na die vergadering sal ons lidmate se kommentaar aan ons sinode se moderatuur deurgestuur word.

Sal u nie asb bl. 17-19 van die dokument deurlees nie? Lees dit, merk waaroor u vrae het en kom DV na die vergadering op 18 September 2007. Ons wil graag dat soveel as moontlik van ons lidmate saam met ons in biddende afhanklikheid na antwoorde soek. Ons is immers saam in diens van God se nuwe wêreld!

Uit die Woord

Koninkrykstyd - Ds Rian Verster

Die Hebreërbrief is geskryf (ongeveer 70-90 nC.) aan 'n geloofsgemeenskap wat begin twyfel het oor die teenwoordigheid van God by hulle. Hulle het in die nywerheidsgebied van die wêreldstad Rome gewoon. En lewensomstandighede was, met een word gesê, haglik.

In sy kommentaar op die Hebreërbrief: "Hebreërs vir Vandag" skryf Andrie du Toit verduidelikend hieroor. Waarskynlik het alles net te veel begin word vir hierdie mense. Weer teleurstelling, weer werk verloor, weer siekte, weer onreg, weer verwerping. Wie is in beheer? Wie regeer hier?

Vyf en twintig van die weke in die kerklike jaar, ongeveer Junie tot November, word Koninkrykstyd genoem. Op die Sondae in Koninkrykstyd lees ons tekse wat ons help om te verstaan dat God as Koning by ons is. Dat Hy regeer, dat Hy in beheer is!

Lied 159 in die Liedboek van die Kerk begin so: "God is hier teenwoordig." Dit is ons belydenis! Die Hebreërskrywer se brief is bedoel om hierdie twyfelende mense te help ontdek dat God by hulle is. En God is nie passief teenwoordig nie, nie 'n toeskouer nie, maar Hy is hier om 'n verskil, dié verskil te maak.

Reg aan die begin van die brief, in hoofstuk 1:1-4, sê die skrywer vir mense wat elke dag blootgestel is aan 'n werklikheid wat op verskillende maniere wil onderstreep dat ons aan onsself oorgelaat is, God is hier. In Jesus Christus is God self by ons!

Die skrywer het een passie in sy brief en dit is om by hierdie gemeente te pleit dat hulle die wonderwerk van God se teenwoordigheid by hulle, in Christus, nie sal miskyk nie. Dat hulle die evangelie sal vasgryp, dat hulle sal weet en onthou dat Jesus hulle in 'n nuwe verhouding met God gebring het en met hulle na 'n nuwe toekoms leef!

Weet jy dat God by jou is? Maak dit nog enige verskil vir jou?

Uit die Wêreld

As it is in Heaven - Ds Tinus van Zyl

Onder groot aandrang vanuit baie oorde, het ek uiteindelik dit reggekry om 'n tydjie opsy te sit, die lang pad Cavendish toe aan te durf, en die Sweedse film *Så som i himmelen* (*As it is in heaven*) te gaan kyk. Dit was beslis die moeite werd. Hierdie film het eintlik al in 2004 in Swede uitgekom, maar omdat dit 'n film met onderskrifte is (wat altyd sleg is vir kaartjieverkope), het dit 'n bietjie langer gevat om die res van die wêreld te bereik. In 2005 is dit genomineer vir 'n Oscar, en in 2007 het die film ook Suid-Afrikaanse teaters betree, alhoewel net enkeles.

As it is in heaven is 'n film wat 'n mens 'n hele paar keer sou kon kyk. Dit handel nie net oor 'n enkelvoudige storielyn, naamlik 'n beroemde dirigent se afrigting van 'n plaaslike kerkkoortjie nie, maar oor 'n hele dorpie vol van baie diverse, komplekse karakters.

Die toneelspel en aanbieding van hierdie karakters is so eg, dat elke mens in die verhaal 'n volwaardige persoonlikheid het, wie se storie 'n hele film op sy eie sou kon regverdig.

In 'n tyd waarin die kerk strewe na groter eenheid, is hierdie film 'n pragtige uitbeelding van die kompleksiteit van menseverhoudings. Niemand kan in 'n boksie geplaas word nie. Niemand kan afgeskryf word nie. Daar is plek vir elkeen. Maar dit vra oneindige geduld om na mekaar te luister, sodat ons werklik mekaar beter kan begryp. Soos die hoofkarakter 'n paar maal sê, as mense vir hom vra wat hy kom doen in die dorpie: "I have come here to listen."

Die inwoners van hierdie dorpie het gedink hulle ken mekaar deur en deur. Elkeen was bewus van die ander se geheime en geraamtes in die kas. Tot hul skok moes hulle egter ontdek dat hulle mekaar nog hoegenaamd nie ken nie, omdat hulle nog nie werklik na mekaar geluister het nie. En eers wanneer jy leer om werklik na ander te luister, kan jy ook jou eie stem vind, wat in harmonie is met die stemme rondom jou. Kerkeenheid is immers nie om almal op dieselfde toonhoogte te sing nie, maar om met 'n ryke diversiteit van stemme, en met ore wat baie fyn na mekaar luister, in 'n lieflike harmonie te sing.

Getuienisweek 2007 - Ds André van Wyk

Die gesamentlike Getuienisweek, tussen Durbanville Gemeente, VGK Durbanville en Bergsig Gemeente vind hierdie jaar by ons gemeente plaas. Dit is in die week van Sondag 7 Oktober tot Woensdag 10 Oktober.

Die Sondagoggend preek die geleentheidsprediker, Dr. Ben du Toit, in die Familiediens. Hy is die Direkteur Kommunikasie van die Wes- en Suid-Kaapse sinode en ook die Parlementêre Lessenaar van die Algemene Sinode. Die Sondagaand vind daar 'n gesamentlike Jeugbyeenkoms hier plaas. Soos dit al die tradisie geword het, sal die jongmense van al drie die gemeentes by hierdie geleentheid heerlik saam die Here loof en aanbid, en ook luister na 'n opwindende spreker, wat die leefwêreld van ons jongmense direk gaan aanspreek.

Die program vanaf Maandag- tot Woensdagaand begin saans om 18:45 met samesang, waarna dr. du Toit sal optree. Die Tema is: (As) Die Geloofskar (gaan) staan ... en handel oor die Kerk (lidmate) as getuienis van God se teenwoordigheid hier op aarde. Sop en broodjies word na die byeenkomste in die Gemeentesentrum bedien, waar daar ook uitstallings van Getuenis-projekte sal wees.

So C-Kruis ons pad - Christi Thirion

Wat het ds. Tinus van Zyl, Retief Burger (van *Luidkeels*) en Anél Alexander (van *7de Laan* en *Binnelanders*) met mekaar uit te waai? Wel hulle het al drie die paadjie deur C-Kruis gestap. En wat het dit met ons uit te waai? Wel, vanaf 14 tot 20 Oktober het ons gemeente, in vennootskap met NGK Bergsig en VGK Durbanville, vir C-Kruis in Durbanville vir 'n reeks van vyf optredes in Hoërskool Durbanville se ouditorium.

Die voorlopige program lyk soos volg:

- Sondagaand is C-Kruis se opening en dit vervang die normale tienerbybelskool.
- Dinsdagaand spreek tot die realiteit van elke jongmens: die pyn en seer wat deel is van elke jongmens se lewe.
- Woensdagaand word elke persoon uitgedaag om sy droom uit te leef.
- Donderdagaand sentreer om lofprysing en aan-bidding.
- Vrydagaand word 'n Gospel Rock Concert aangebied.

Vir die sukses van hierdie week het ons nodig dat die gemeentelede nou reeds begin met voorbidding vir C-Kruis en vir ons jongmense, sodat die Here, deur die Heilige Gees, nou reeds die 'grond' voorberei vir die saad van die evangelie wat gesaai gaan word. Die ander gebed is dat hierdie inisiatief, saam met die getuienisweek, die bande tussen ons drie gemeentes op 'n baie diep vlak sal versterk, juis dat ons eenheid en liefde kan dien as getuienis van Jesus Christus se onvoorwaardelike liefde in ons gemeenskap.



Bo en behalwe u gebede, kan u ook aan hierdie wonderlike gebeurtenis deelneem, deur een of twee van die studente van C-Kruis in u huis vir die week te huisves. Sodoende kan u nie net hierdie fantastiese geleentheid moontlik maak nie, maar ook 'n aktiewe rol daarin speel.

En laastens, is u ook natuurlik meer as welkom om elkeen van die vertonings by te woon. Indien u kinders tieners is, is dit eintlik verkieslik dat u die vertonings sal bywoon, sodat u kan beleef wat u kinders beleef, en so 'n kans kry om met hulle te gesels oor sake wat vir hulle relevant en belangrik is. Moet net nie u oorpluisies by die huis vergeet nie!

As ons gemeente hierdie ongelooflike geleentheid met albei arms aangryp en elke stukkie waarde daaruit put wat dit vir ons bied, beloof dit om 'n tyd van ongekende groei en verdieping in die lewe van ons gemeente te wees!

Laat God jou denke vernuwe ... (Rom 12:2) - Ds Gys van Schoor

Die afgelope maande het Dr Louis Kroon (psigiater) ons gemeente besoek. Hy het ons kom help om te verstaan hoe ons brein werk en hoe belangrik ons denke is om as nuwe mense in Christus te lewe. Ek wil graag 'n Bybelse agtergrond gee waarbinne dr Louis Kroon se insette verstaan moet word en dan wil ek iets weergee van sy besoek.

Een van die kernaspekte van die evangelie is dat Jesus deur sy Gees ons lewe radikaal van binne af transformeer en verander. Dit word vandag algemeen aanvaar dat ons 30, 40 of 50 jaar Christene kan wees sonder dat ons lewe hoef te verander. Dis 'n ernstige misverstand! Dit tas die evangelie in sy hart aan. Dit maak ons getuienis in die wêreld ongeloofwaardig.

Hoe gebeur hierdie verandering? Prof Willie Jonker sê dat een van die diepste geheime van ons Christenwees is ons posisie in Christus. As ons dit vergeet verval ons in godsdienstigheid, terwyl ons die sekerheid en vreugde mis van ons kindskap, van om uit die geloof te lewe. Godsdienstigheid is 'n algemene menslike verskynsel en bestaan daarin dat 'n mens jou bes doen om die goeie te doen, jou bes doen om die kwaad te vermy en bepaalde godsdienstige moets en moenies op jou neem. Die Bybel roep ons egter om vanuit ons posisie en status in Christus, wat 'n geloofsposisie is, te lewe. Dit vra van ons niks minder nie as 'n nuwe manier van dink.

Wat is hierdie nuwe posisie in Christus?

In Gal 4:3-7 skryf Paulus aangrypend hieroor

- God het sy Seun gestuur om ons los te koop (verlos),
- SODAT ons as kinders van God aangeneem kon word.
- En omdat ons sy kinders is, het God die Gees van sy Seun in ons harte gestuur en in ons roep Hy Abba, Vader!
- Jy is dus nie meer slaaf nie, jy is nou kind van God

Dit is ons nuwe status of posisie: Ons is kinders van God, ons is deel van die huisgesin van God!

Kindwees het veral 3 aspekte:

1. Nuwe ID
2. Nuwe geaardheid
3. Nuwe gesindheid

Alles begin egter by ons nuwe identiteit in Christus: ek is 'n kind van God. Die Bybel verwag van ons om op 'n ander manier oor onsself te dink. Dikwels sit Christene vir jare vasgevang in ou slaafse denkpatrone en ou gedragspatrone. Ons is egter deur Christus vrygemaak van die slaafse identiteit en bestaan (Gal 5:1). Ons is nie meer slawe nie, ons is nou kinders van God!

Prakties beteken dit die volgende: 1. Ons moet elke dag ons geloofsposisie in Christus inneem en daaruit lewe. Wanneer ons dit doen, deur die krag van die Gees, ontwikkel die Heilige Gees 'n kind-gesindheid in ons – 'n gesindheid van vrymoedigheid en intimiteit met God. So begin die Gees om ons gedrag te verander. Hy doen dit deur ons denke te vernuwe. "Laat God julle verander deur julle denke te vernuwe" (Rom 12:2). 2. Vanuit hierdie nuwe verstaan van wie ons is (ons nuwe identiteit as kinders van God) verander die Gees ons: ontwikkel ons 'n nuwe gesindheid (nie meer slaaf nie), en leef ons met 'n nuwe geaardheid en gedrag (die vrug van die Gees).

Laat God julle denke vernuwe

Dr Louis Kroon het vanuit sy kennis van die brein ons gehelp om te verstaan hoe belangrik ons denke is in die proses van transformasie. Baie keer kry ons seer in ons kinderjare, of word ons blootgestel aan intense ervaringe, wat tot gevolg het dat ons op 'n sekere manier begin dink: oor onsself, oor ander mense, oor situasies. Ons begin bv. leuens oor onsself glo: ek is verwerp, ek is nooit goed genoeg nie, ek is 'n mislukking, ens.

Hierdie negatiewe manier van dink het 'n geweldige invloed op ons gedrag. Dit stempel ons gedrag sonder dat ons dit weet. Dit inhibeer die vernuwende werk van die Gees in ons. Hierdie ou denkpatrone is egter die denkpatrone van 'n slaaf. Ons is deur Christus vrygemaak en aangeneem as God se kinders.

Ons as Christene se groot probleem is dat ons nie nadink oor die wyse waarop ons denke werk nie. Ons aanvaar ons ou denkpatrone te maklik. Ons dink dit is maar soos ons is. Maar dikwels kom ons jare met hierdie ou slaafse denkpatrone oor onsself aan en beleef ons nie die vreugde en vryheid van die kindskap van God nie.

Vanweë die oorwinning in Christus kan ons die ou denkpatrone vervang met nuwe denke. Ons is immers kinders van God. Die belangrike ding wat dr Louis Kroon ons geleer het, is om sensitief te wees vir hierdie ou denkpatrone en om hulle onmiddellik te stop. Ons moet dan ons ou denke vanuit ons nuwe geloofsposisie, ons nuwe identiteit in Christus, beoordeel en letterlik die ou manier van dink vervang met nuwe denke in Christus. Hiermee wil die Heilige Gees ons help.

TE HUUR
WOONSTEL
HERMANUS

Veilige twee slaapkamer woonstel volledig gemeubileer

Slaap 4 persone
Binne stapafstand van see en Hermanus middedorp

16 Januarie tot 31 Julie per nag
1 Augustus tot 15 Januarie
R375 per nag

Navrae kontak asb selfoon :
082 332 3381

Depressie & Angs Ondersteuningsgroep
God se Omgeediens

DINK u soms: ek kan nie meer nie! VOEL u soms bedruk, angstig, oorweldig, paniekerig, nikswerd, waardeloos, moedeloos, droefgeestig of alleen? Kry u niks geDOEN nie? Alles loop skeef. Dit is beter om in die bed te klim, onder die braambos te gaan sit, want niks help in elk geval nie, alles loop tog deurmekaar.

Hierdie prentjie is eie aan ons gebroke, eina-samelewing vandag. Trauma, egskeidings, mishandeling, dwelms, bedrog, armoede, finansiële krisisse, werkverlies, inbraak, messteek, moord, selfmoord en sommer verhoudingskonflik... ja, helaas dit gebeur in ons eie gemeente en gemeenskap.

Gelukkig is daar hoop, want binne ons eie gemeente is daar hulp, ondersteuning, samesyn en aansporing van 'n groep mense wat die moed het om na die omgeediens te kom en te vra: hoe nou verder?

Ons sing: “Kom tot u Heer met al u verdriet." Ons hemelse Vader weet wat ons nodig het. God het binne die omgeediens mense geplaas om 'n depressie en angs ondersteuningsgroep vir ons lidmate, hul families en vriende vir die afgelope vyf jaar te laat funksioneer. Hierdie groep is verbind aan die hoofkantoor van Depressie en Angsgroep in Johannesburg, wat ongeveer 15 jaar bestaan. Oral in die land is daar sulke hulpgroepe. Ons groep is die enigste groep in die noordelike voorstede. Ons is regtig bevoorreg! Van die hoofkantoor kry ons literatuur, soos byvoorbeeld: “Wat is depressie?” “Wenke vir familie" en "Hoe om 'n depressielyer te hanteer.”

Elke 3de Maandagaand van 'n maand kom die groep om 19h00 in die jeuglokaal bymekaar en word mense gehelp om oor bogenoemde struikelblokke te kom, om weer die sonskyn en die blymoedigheid van die lewe te ervaar. Psigiaters, sielkundiges, psigiatriese maatskaplike werkers en enige ander professionele persone word genooi om tydens die aande ons te help met die lewens-stressors.

Sommige aande is net die groeplede bymekaar om oor 'n koppie tee mekaar te bemoedig en mekaar wenke te gee hoe om sekere lewenskrisisse te hanteer, veral deur diegene wat reeds weer die lewe vierkantig in die oë kan kyk.

Die volgende groepbyeenkoms is 17 September, waartydens 'n sielkundige kom praat oor gesinsgeweld en hoe om dit te hanteer, en 22 Oktober kom Rea-lene Spilhaus praat oor oorlewing met 20 jaar depressie. Sy het daaroor 'n boek geskryf, getiteld *The Inside Story*, wat sopas verskyn het. Die boek is by die omgeedienskantoor beskikbaar.

Onthou almal is welkom! Kom gerus!

Kontakpersone: Lola Pienaar (021 975 5252) of Helma Gerritsen (083 651 8469)

Adverteer
in SIG

Die kostes vir advertensies is as volg:

Vol blad	R1500-00
Halwe blad	R750
Kwart blad	R375
1/8 blad	R188

Kontak die kerkkantoor by 021 975 6370.
(Die redaksie behou hom die reg voor om advertensies, wat nie pas by die aard van die SIG nie, nie te plaas nie.)

Redaksie
van die SIG

Redakteur:
Ds Tinus van Zyl

Redaksielede:
Ds Rian Verster
Jackie Pretorius

As jy op enige wyse betrokke wil raak by die SIG, of die gemeente se kommunikasie in die algemeen, skakel asb vir ds Tinus van Zyl by 083 289 4985.

Senior Burger Funksie:
31 Oktober om 15:00

Liewe Vriende

Dit is 'n voorreg om u (almal bo 65 jaar) te ken en ook op hierdie wyse met u te kommunikeer. As gevolg van administratiewe probleme soos name en adresse van baie van u wat ons nie het nie, of wat verander het, of 'n lewensmaat wat afgesterf het, het ons dit goed gedink om deur middel van hierdie skrywe en Sondagaankondigings vir u uit te nooi na die Senior Burger Funksie.

Hierdie dag het ons 'n baie spesiale persoon genooi om by ons op te tree: Charlene Truter. Indien u nie weet nie: hierdie vriendelike dame (van *Pasella*-faam) het ook 'n engel sangstem.

U gaan dus nie 'n uitnodiging in die pos ontvang nie. Ons vra vriendelik dat u teen Woensdag, 24 Oktober vir Anél by die Kerkkantoor (021-975 6370) skakel om u plek vir die funksie te bevestig.

Gasvroue vir hierdie funksie kan asb. ook hul name vir Anél gee.

Baie dankie vir u samewerking en dat u ons op díe manier help.

Restitusie - Ds Rian Verster

Is versoening tussen mense uit verskillende agtergronde en kulture in die konteks van Suid-Afrika regtig moontlik? En dit in 'n tyd waarin mens die idee kry dat die verhoudinge tussen mense al hoe meer versleg? “The Foundation for Church-led Restitution” gaan van die standpunt uit dat dit nie alleen moontlik is nie, maar dat kerke 'n leidende rol hierin kan en moet speel.

Op uitnodiging van dr. Deon Snyman, die Uitvoerende Beampte van “The Foundation for Church-led Restitution” in die Wes-Kaap, het 'n paar mense uit ons Gemeente begin deelneem aan 'n gesprek met die Metodiste Gemeente in Langa. 22 lidmate uit ons gemeente het positief op die uitnodiging reageer en gesê dat hulle wil deel wees van so 'n proses. Tot nou toe het ons drie gespreksgeleenthede gehad.

Een nat en koue aand in Mei is ons Langa toe vir die eerste ontmoeting – elkeen van ons waarskynlik met ons eie huiwering en vrae in die gemoed. Ons is egter verras deur die vriendelikheid en welwillendheid waarmee ons ontvang is. Maar dit is nie al nie, ons kon met mekaar praat, teenoor mekaar oopmaak en ontdek dat die afstand tussen ons toe nie so groot is as wat ons gedink het nie, en dat ons verhoudinge kon bou. Nou, na drie ontmoetings, is daar reeds 'n basis van vertroue gebou en is daar opgewondenheid dat hier iets goed van kan kom. Ons is immers Christene wat glo dat die Here nuwe moontlikhede

oopmaak vir die nuwe hemel en aarde.

Tydens ons gesprek in Julie het van die deelnemers gevra dat ons nie net sal sit en praat nie, maar ook iets sal doen – 'n projek of iets prakties om te getuig dat ons 'n verskil wil maak. Wat ons gaan doen en hoe dit gedoen kan word, is nog nie duidelik nie. Om dit te beplan is 'n klein dinkgroep aangewys, wat binnekort sal saamkom om verder te beplan.

As jy ook 'n verskil wil maak en wil deelword van hierdie proses, is jy baie welkom!

Skakel asb. met Rian Verster of Tinus van Zyl vir inligting.

Die rol van ‘n predikant
in ‘n gestuurde gemeente - Johan Kotze

Die identiteit van ons gemeente is besig om te verskuif na dié van 'n gestuurde gemeente. 'n Gestuurde gemeente is 'n gemeente waar al die lidmate verstaan dat hulle genooi word om by God se sending na die wêreld aan te sluit en dan daardie uitnodiging aanvaar en uitleef.

Hoe funksioneer so 'n gemeente?
Daar is onmisbare elemente:

- Verdiepende dissipelskap, deur deurlopend ons roeping tot God se sending te onderskei, beide as 'n gemeente en as 'n individuele lidmaat
- Die toerus van mense om andere aan die Koninkryk van God, in die persoon van Jesus Christus, bekend te stel
- Die mededeling van 'n visie op die gestuurdheid binne die gemeente
- Die uitleef en uitbou van hierdie visie
- Die verstaan van die rolle van predikante en leke-leiers in die gemeente

Ons is tans in die proses om gesprek te voer, aan die hand van bogenoemde, oor die rol van die predikant. Wat duidelik geword het, is dat die kerklike sisteem, met tyd, die rol en taak van die predikant geskuif het na 'n rol waarin die predikant byna alles vir almal moet wees en doen. Die effek is dat lidmaatdeelname met verloop van tyd afgeskaal het, sodat dieselfde paar mense meestal deelneem.

Die gesprek oor die rolle is ‘n voortgaande proses, en van die eerste treë wat gegee was, is 'n uitnodiging aan lidmate wat 'n passie het om hul administratiewe en organiserende gawes uit te lewe. Ek wil graag twee lidmate help om 'n bediening te vestig en lei wat gemeentelede kan begelei om hul Godgegewe roeping met hul gawes te kan uitleef. Hierdie span sal die administrasie, organisering en aanbied van hierdie bediening waarneem. Wanneer hulle die hulp en bydrae van 'n predikant benodig, sal dit beskikbaar wees. Hulle twee sal dus redelik outonoom, maar tog interafhanklik, funksioneer. Lidmate wat hierdie gawes het en geroep voel om dit in die gemeente aan te wend, kan my via die kerkkantoor kontak. (Ek versoek hierdie roete omdat ek vanaf 4 September tot en met 7 Oktober uitstedig sal wees.)
In die volgende Sig sal die restant van die roluitklaringsproses verskyn.

D-d-d-decolign-n-n-y - Christi Thirion

B-b-b-bibber koue en reënweer kenmerk die eerste twee dae van die Decoligny uitreik. Ons trek weg in die reën, ontsnap vir 'n klein wyle die koue, maar word die volgende oggend weer oorval deur die skerp tande van die kouefront, juis wanneer ons moet konsentreer om die woorde op die Xhosa liedjieblad te volg in een van ds. Willem Botes se eredienste by 'n buitepos.

Ons raak al blasé wanneer ons 'Decoligny-uitreik' hoor. Dis 'n klomp jongmense, baie verf en sokkerspeel. Dit is in elk geval die idee wat ons kry uit die foto's wat so om-en-by twee weke later op die skerm tydens die familiediens verskyn.

Daar gebeur egter iets wat die foto's nie mooi kan beskryf nie en ek weet ook nie mooi hoe om dit in woorde om te sit nie. Waar dit uitslaan, is ook nie so duidelik nie. Dis nie iets soos puisies of waterpokkies of haarkleur nie. Daar gebeur iets in die taal wat die jongmense gebruik, die manier hoe hulle met mekaar gesels, hoe hulle na mekaar en ander kyk, maar dis ook nie al nie. Dit klink amper asof hulle verlief raak en ander sal sê dis die terpentyndampe.

Juis in Handelinge 2 het mense 'n soortgelyke reaksie gehad toe 'n paar 'ongeleerdes' begin het om in verskillende tale en klanke te praat van die wonderwerk van Jesus Christus se verlossing. Ek kan my voorstel dat hulle ook 'n ander taal (behalwe nou letterlik) begin praat het, anders met mekaar en ander mense gepraat het, maar ook anders na die wêreld gekyk het.

Dis wat die Heilige Gees aan mense doen – Hy verander ons. Wat grootliks gehelp het met ons jongmense, sommige uit ons gemeente en ander uit Durbanville-Bergsig, was die skouers skuur met mekaar in 'n wedloop teen tyd om die Bet-El geboue klaar te verf. Dit het ook gehelp om Phillip ons busbestuurder, Mama Lina en oom Willem se stories te hoor, maar ook so belangrik om mekaar se stories te hoor.

So het Decoligny 'n plek van warmte geword. 'n Plek waar die Heilige Gees ons kom vul het en ons verander het sodat ons God se wêreld kan raaksien en daarvan deel kan word.

Nuwe Tienerbybelskool Struktuur

- Ds Tinus van Zyl

Richard Osmer, een van die topkenners in die wêreld op die gebied van kategese, meen dat daar vier kardinale elemente is in die oordrag van geloof aan jongmense: lering, verhoudings, verbintenis ("commitment") en misterie.

Met die vervanging van ons senior kategese met tienerbybelskool vyf jaar gelede, het ons gemeente 'n verskerpte fokus op die lering aan ons tieners geplaas. Met ouers wat optree as groepfasiliteerders, is daar ook gepoog om 'n verhoudingselement te behou.

Op die gebied van verbintenis en misterie slaag ons tienerbybelskool egter nog nie na wense nie. Nadat jongmense hulle ses modules voltooi het en belydenis van geloof afgelê het, is daar nie werklik 'n sinvolle plek vir hulle om in te skakel en aktief deel te neem aan die aktiwiteite van die kerk nie. Omdat baie van ons jongmense ook nie die eredienste bywoon nie (wat 'n saak is wat op sigself aangespreek moet word), ervaar hulle nie genoegsaam die wonder, misterie en ontsag wat gelowiges in die liturgie van die erediens beleef nie.

Die voorgestelde nuwe struktuur van die tienerbybelskool wil meer ruimte maak vir hierdie elemente. Die gedagte is dat AL die tieners in ons gemeente, ook die jongmense wat reeds belydenis van geloof afgelê het, bymekaarkom tydens Bybelskooltyd, 17:30-19:00 op 'n Sondag. In die eerste en derde kwartaal sal daar lofprysing en aanbidding, 'n kort boodskap, groepbesprekings en gebed plaasvind. In die tweede en vierde kwartaal sal daar Bybelskoolmodules in graadverband (graad 7 tot graad 12) aangebied word. Daarna sal afgesluit sal word met gesamentlike lofprysing en aanbidding, asook gebed.

Geen jongmens wat in die huidige Bybelskoolstruktuur reeds 'n sekere aantal modules voltooi het, sal deur die nuwe struktuur benadeel word, of daarvan weerhou word om belydenis van geloof af te lê nie. Enige jongmens wat gereed voel om belydenis van geloof af te lê, en wat reeds 16 jaar oud is ('n vereiste van die Kerkorde), kan kom vir 'n onderhoud by 'n predikant om goedgekeur te word vir belydenis van geloof. Na belydenis van geloof is daar egter ruimte vir jongmense om betrokke te bly by die kerk en steeds meer te leer oor wat dit beteken om 'n belydende lidmaat van die kerk te wees.

Die klank van samesyn

Musiek wat tot mense se harte spreek – dit is hoe Betsie Klopper die klanke van Durbanville Gemeente se musiekgroep beskryf! Sy is ook die koördineerder van die groep.

Hierdie groepie mense sorg elke Sondag vir musiek by die gesinsdiens in die Gemeentesentrum en elke tweede Sondagaand by die erediens in die kerk. Hulle bestaan uit Betsie Klopper (klawerbord), Gees Basson (akoestiese kitaar), Nellus Roux (baskitaar), Rozanne Joubert (viool), Suzanne Harris (dwarsfluit), Kristin Basson (baskitaar) en Elzette van Schoor (slaginstrumente).

"Ons *band* speel al so drie jaar saam en ons sing meestal kontemporêre liedjies," sê Betsie.

Gees Basson sê vir hom is *Praise and Worship* die mees verhewe manier van gebed. "Kyk na die Psalms en Openbaring. Die Here omring homself met engele wat die hele tyd God se eer besing. Musiek het emosie – dit maak harte oop. Lofprysing is soos 'n skoonmaakproses vir individue en die gemeente om hulself vir die Woord ontvanklik te maak.

"Ons staan die hele tyd voor God. Ons is nie daar om 'n *show* te gee nie. Ons doel is om die gemeente te begelei sodat hulle van hulself kan vergeet en voor God kan staan.

"Die musiekgroep se visie is dat die Here ons moet lei na waar ons moet wees. Ons moenie ons met ander gemeentes vergelyk nie. Ons moet ons eie

identiteit ontwikkel soos wat God dit wil hê."

Nóg 'n lid van die groep, Nellus Roux, het op universiteit 'n eenmanorkes begin om sy studiegeld te help betaal.

"Ek het my hele lewe lank in 'n orkes gespeel – gewoonlik kitaar – en ook gesing tot ek in 2002 begin siek raak het. Gees Basson het my toe gevra om in die kerk se orkes te kom speel.

"Ek dink musiek kan mense help om die regte ingesteldheid vir die Woordverkondiging te kry. As die gemeente begin hande klap, toon dit hul meelewing met die musiek. Die *band* verskaf 'n ander dimensie, want "you can let your head down" met hierdie musiek, soos die Engelse sou sê. Die *'styfgeit'* is nie meer daar nie – en dit is vir my lekker," vertel Nellus.

Die boodskap in klank en beeld

'n Groep seuns – Janus en Niel Benade, Chris Fourie, Willem Basson en Piet van der Westhuizen – sorg elke Sondag dat die klank van die musiekgroep reg gemeng is en dat die leraar se preek op die TV-skerm verskyn sodat mense in by-voorbeeld die moederskamer ook dit kan sien. Hulle hanteer ook die oorhoofse projektor sodat die gemeentelede liedjies en ander inligting op 'n skerm kan sien. Só help hulle om ons eredienste spesiaal te maak.

DESIGN A PRINT - 021 975 9648